


## Week 3: Galasiërs 3:1-14

**In Sondag se preek is verwys na die Fransman Charles Blondin** – gaan lees vooraf oor sy lewe en deel dit met die groep. Wat tref julle die meeste oor sy waagmoed? (http://en.wikipedia.org/wiki/Charles_Blondin)

**Terug na laasweek**

Dalk is daar iets waaroor jy eerlik met jou selgroep wil wees en met hulle wil deel nav verlede week se sessie.

**Lees: Galasiërs 3:1-14 -** Wat tref jou dadelik as jy hierdie gedeelte lees?

- **Watter raad kan jy vir 'n jong Christen gee, in antwoord op die vraag: Hoe groei ek in geloof?** Wat moet jy doen as jy wil groei in jou geloof? Gee vir elkeen in die groep kans om te sê wat hulle doen om te groei in hulle geloof.
    - **Wat sê Paulus in 3:1-5 hieroor?**

- **Wat dink jy is die Heilige Gees se primêre werking in ons lewe?** Of in ander woorde, wat doen die HG binne in ons? (enige Skrifbewyse vir jou antwoord?)

- **Wat sou dit prakties beteken om aan die Heilige Gees gehoor saam te wees?**
    - Hoe werk dit in jou lewe? Hoe weet jy dat dit die Heilige Gees is wat jou oortuig van iets?

- **Keer op keer in hierdie gedeelte kom Paulus terug by die saak van ons geloof – v 2, 5, 8, 11, 14.** Hoekom is dit vir hom so belangrik? Wat het julle hieroor geleer die afgelope 2 weke?

- **Aan watter sake in Abraham se lewe is dit duidelik dat hy God vertrou het met sy lewe?** Noem ten minste 3 sake in sy lewe.
    - As Paulus Abraham as voorbeeld gebruik oor hoe geloof werk, beteken dit dat geloof = aan niks doen?
- **Wat moet ons dan oor en oor doen om te groei en vry te word?** Gee so veel as moontlik praktiese voorbeelde. (Hoe kan die feit dat ek deur genade gered is my help om reg te leef?)